

**Dinsdag 16 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 77**

**Fokusgedeelte: Psalm 77:14**

### **Nagtelike worsteling**

In hierdie Psalm verteenwoordig die Psalmdigter die volk. Elkeen van hulle het nagte wakker gelê en worstel oor alles wat om hulle aan die gang was. Ons het in Psalm 74 gesien die Psalmdigter was getroos deur dit wat hy van die Here geweet het, maar dit is nie hier die geval nie. Hoe meer die volk oor die Here dink, hoe meer raak hulle onrustig.

In die eerste gedeelte skree hy. Dit is amper asof hy dink hoe harder hy kla, hoe groter is die kans dat die Here Hom hoor. Dit het dalk ook al met jou gebeur. Ons worstel met die Here om net sin te maak van ons omstandighede. Maar hoe meer ons dink, hoe meer raak ons deurmekaar. Die Psalmdigter se harde aand worsteling is nou verby. Hy skree nie meer uit moedeloosheid sodat die Here hom kan hoor nie, Hy is nou sprakeloos. Die Here antwoord dan nie.

Die wenteling kom wanneer hy wegkyk van homself af en die Here leer ken. Hy begin dink Wie die Here werklik is. In sy nadenke kom hy uit by die wete: Alles wat die Here doen, is heilig. Hy is anders as ons en sy daade kan nie altyd deur ons verstaan word nie. Hy sê ook: “Niemand het u spoor gesien nie.”

Al sien jy nie elke dag die Here se spoor nie, kan jy weet Hy is daar. Hy is heilig, alles wat Hy doen, is goed en Hy is altyd jou Herder. Soms laat 'n herder dinge met sy skape toe om hulle by die eindbestemming te bring. En soos ons, weet die skape nie altyd wat die herder doen nie. Maar ons kan weet Hy is daar en Hy het jou lief. Sy gesindheid kan nie teenoor jou verander nie, daarvan het Jesus seker gemaak.

*Sing: Psalm 77-1:7, 10*

*Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg/Rhenosterberg/De Aar)*